NET EEN DAG

OF

Die Vakansiegangers

'n Toneelstuk in Drie Bedrywe

DEUR

MIKRO

NET EEN DAG

OF

Die Vakansiegangers

'n Toneelstuk in Drie Bedrywe

DEUR

MIKRO

NASIONALE PERS, BEPERK, Kaapstad, Bloemfontein en Pretoria
1936

PERSONE.

GYSBERT DU TOIT ..... Sakeman

NITA ..... Sy vrou

LETTIE ..... Vyfjarige dogter van Nita

LAVINA MOERDYK ..... 'n Ryk oujongnooi

ENGELA ..... Haar suster, ook 'n oujongnooi

MARTHA ENGELBERT .... Aangenome dogter van Lavina

DEON LE ROUX .... Die dominee: oujongkêrel; 40 jaar

HEINRICH OPPERMAN ..... Die aspirant-skrywer; omtrent 26 jaar

HERMAN VERWEI ..... Sakeman; omtrent 35 jaar

MARIE VERCUIEL .... Vakansieganger saam met die ander

FREDERIK DURANT ..... 'n Sestigjarige vreemdeling

GEORGE ..... Die kelner

SANNIE ..... Diensmeisie van mev. Du Toit

PLEK: 'n Groot vakansie-oord aan die see.

TYD: Die teenswoordige.

EERSTE BEDRYF.

Saterdagvoormiddag, omtrent tienuur.

TONEEL: *Die voorkamer van die hotel „Uitsig." Heel agter, links en regs, 'n groot venster wat op die stoep uitsien. Voor die een regs, 'n venstersitbank, en in die linkerhandse hoek, maar 'n bietjie na vore, 'n ronde tafeltjie met vier stoele daarby. Effens links van die middel van die vertrek, 'n koffie-tafeltjie. Regs teen die muur, ongeveer in die middel, die draadloostoestel; links daarvan 'n leunstoel, en ook regs voor. Links voor, 'n rusbank. Blomme en voorkamerplante in die vertrek rond gerangskik. 'n Deur links en een regs, maar na die agterkant van die vertrek.* (REGS *en* LINKS *soos vir die gehoor.*)

As die spel begin is die verhoog leeg en 'n oomblik daarna kom GYSBERT DU TOIT *en* NITA *regs op.* NITA *het 'n deftige oggendjapon aan, haar kort hare is baie goed versorg. Sy beweeg stadig en grasieus sodat haar aanvallige postuur dadelik opvallend is. Sy haal 'n sigaretkoker uit haar sakkie en steek 'n sigaret aan.* GYSBERT *gaan op die rusbank sit.*

GYSBERT: Ek hoop net, Nita, die tyd sal jou nie alte baie verveel nie. Ek moet egter vanmiddag na Johannesburg vertrek, en omdat alles so onseker is, kan ek jou nie saamneem nie.

NITA (*staan nog by die koffie-tafeltjie en kyk ingedagte buitentoe*): Hoe lank sal jy weg wees?

GYSBERT: Dis moeilik om te sê. Dit mag wees dat my besigheid binne 'n week klaar is, maar miskien duur dit nog langer. Ek sal gereeld aan jou skrywe. (*Leun haastig vorentoe.*) Ek is altyd onrustig as ek weg is van jou en Lettie. Probeer dié slag gereelder skrywe, Nita.

NITA (*lag*): Wat, en jy sal net 'n paar dae weg wees!

GYSBERT: Ek is altyd onrustig oor jou en Lettie.

NITA (*ongeërg*): So het jy nou net gesê, Gysbert. Ek wonder wat ons nou juis kan oorkom.....

GYSBERT: Kom sit hier, Nita. Jy is altyd so rusteloos..... (*Hy staan op, neem haar hand en lei haar tot by die rusbank. Hulle sit.*)

NITA (*trek haar hand uit syne*): 'n Mens sal nie sê ons is al tien jaar getroud nie.....

GYSBERT: Voel dit vir jou lank, Nita?

NITA: Is dit weer een van die sentimentele buie wat jou vanmôre beethet? (*Sy kyk dromerig na die venster.*) Is dit baie noodsaaklik dat jy moet gaan, Gysbert?

GYSBERT: Ek kan die besigheid ongelukkig nie uitstel nie.... (*Kyk ernstig in haar oë. Amper asof sy bang is dat hy een of ander geheim daarin sal lees, draai sy haar oë haastig weg.*) Is jy nog net so gelukkig soos vroeër, Nita?

NITA (*sit 'n oomblik ingedagte; staan dan op en gaan langs die tafeltjie staan*): Wat 'n snaakse vraag, Gysbert. Natuurlik — ek is nog net so gelukkig.

GYSBERT: Dis vir my of ek so besig was met planne om ryk te word dat ek glad ons geluk vergeet het. Ek glo darem nie dat die besigheid my te lank in Johannesburg sal hou nie — miskien twee weke; darem nie meer as drie nie. Maar dis noodsaaklik dat ek persoonlik daar sal wees. Herman Verwei het my erg aangeraai om die aandele te gaan aankoop en self die sake te gaan ondersoek. En hy is 'n goeie besigheidsman. (*Toe hy begin praat, is dit of haar innerlike stryd verby is. Sy stap na die draadloos-toestel en slaan dit aan; saggies speel die musiek nou. As hy egter* HERMAN *se naam noem, lê sy haar hand op haar bors en draai weg van hom af.*)

NITA: Jy sê Herman het jou aangeraai om te gaan?

GYSBERT: Ja. Ek dag jy weet dit..... Ek is maar bly dat hy hier is, want nou sal dit tog vir jou nie so alleen hier wees nie.

NITA (*draai haar gesig weg van hom en tik senuweeagtig met haar vingers op die tafeltjie voor haar.*)

GYSBERT (*merk niks nie, steek 'n sigaar aan en praat weer*): Dié Herman het ook in die laaste tyd verander. Ek het gedag hy sal sy nukke nooit laat staan nie. (*Lag.*) Vrouens is altyd sy swakheid gewees. (*Ernstiger.*) Natuurlik, ek het dit nooit goedgekeur nie. Ek sê 'n mens moet die huwelik respekteer; maar dis nou nie sedewette waaraan hy hom steur nie. Hy sê ons is nog te nougeset in ons land.... ons huigel eintlik, meen hy.... Ons weet nie hoe om te *lewe* nie, meen hy.

NITA (*draai haar haastig na hom by die laaste woorde*): Gysbert!

GYSBERT (*verbaas*): Wat makeer, Nita? (*Kom besorg nader.*) Moes ek nie so gepraat het nie, hè, Nita?

NITA: Nee, nee, dis niks nie, Gysbert. Ek is sommer .....verspot..... (*Wil die gesprek verander en kom nou skielik nader en trek sy das reg.*) Is al die mans dan maar so slordig, of is jy die enigste wat nooit weet dat jou das skeef sit nie?

GYSBERT: Nita, ek dink waarlik jy wou iets anders gesê het. (*Terwyl sy sy das regtrek, gesels hy.*) Het ek jou ooit vertel, Nita, wat Herman my eendag van een van sy eskapades vertel het?

NITA: So ja, dit lyk nou sommer baie beter.

GYSBERT: Dit lyk my waarlik, Nita, of jy nie wil hê ek moet van Herman praat nie.

NITA: O, Herman? Nee, waarom sal ek dit nie wil hê nie?

LETTIE (*regs op; hardloop na haar pa en klouter op sy skoot*): O, ek het so gelag, Pappie. Weet, Pappie, ek het nooit geweet dat die ander omie ook kan vloek nie!

GYSBERT (*sag*): Watter omie, Lettie?

LETTIE: Omie Le Roux; Pappie weet mos die omie wat vir die ander mense kerk hou. Ek het nie geweet dat dié omie ook kan vloek nie.

(NITA *sluit die draadloos af.*)

GYSBERT: Wat het hy dan gesê, Lettie? (*Hy streel haar kop.*)

(NITA *staan ingedagte na die twee en kyk.*)

LETTIE: Hy en omie Heinrich speel tennis en toe die omie nie die bal kan inhardloop nie, sê hy: ‚O vloek!' (*Ernstig vertel sy die voorval en beduie hoe hulle gehardloop het.*) Dit is mos vloek, nè, Pappie?

GYSBERT: As dit al is wat die omie gesê het, dan het hy nie gevloek nie, Lettie.

LETTIE: Dan is ek spyt, Pappie. (*Sy lyk erg teleurgestel.*)

GYSBERT: Maar waarom dan, Lettie? Dis mos nie mooi as 'n mens vloek nie.

LETTIE: Ek hou van 'n omie wat kan vloek. Omie Heinrich kan sommer so lekker (*met nadruk*) vloek. Omie Herman ook.

GYSBERT: Lettie, jy moet nou maar by Sannie gaan speel. (*Soen haar.*)

LETTIE (*klim van haar pa se skoot af, ergerlik*): Altyd maar gaan speel! (*Stap ontevrede regs af.*)

GYSBERT: Nou ja, Nita, ek het nog baie dingetjies om voor vanmiddag reg te maak. Ek sal maar eers gaan inpak. (*Hy stap regs. By die deur kry hy vir* LAVINA *en* ENGELA *wat net toe opkom. Hy staan opsy om hulle eers te laat inkom.*)

LAVINA: Dankie, mnr. Du Toit.

(GYSBERT *regs af.* NITA *gaan op die rusbank sit.*)

LAVINA (*sy en* ENGELA *gaan op die twee leunstoele sit*): Dié meneer Du Toit is tog 'n vriendelike man. Dis wat ek altyd sê: dit kos niks om vriendelik te wees nie. (*Leun vertrouelik na* ENGELA. *Saggies.*) Glad nie soos sy vrou nie! (*Maak 'n gebaar na* NITA *se kant toe.*)..... Maar waar is Martha dan, Engela?

ENGELA: O, sy is seker maar hier iewers rond.

(NITA *neem die koerant op; half onseker of sy moet bly. Sy lees.*)

LAVINA: Dis ook maar 'n verantwoordelike werk om so 'n onskuldige kind onder 'n mens se sorg te hê. (*Sug; haal breiwerk uit.*) Hoeveel steke moet ek opsit, Engela?

ENGELA: Honderd-en-vyftig, Lavina.

LAVINA: Honderd-en-vyftig! Gerrie sit altyd soveel op en sy is baie gesetter as ek. Ek sal maar honderd-en-veertig opsit..... (*Swaai haar kop na* MEVR. DU TOIT *se kant toe.*) Ek weet waarvoor sy wag. Sy dink seker 'n mens het nie oë nie. Dis nou vir Herman Verwei wat sy hier wag. (*Skud haar kop.*)

ENGELA: Ag, Lavina, hoe kan jy nou so seker wees! Dis miskien glad nie eers so nie. Ek het al geleer in die lewe....

LAVINA: Wat weet jy van die lis in die lewe, Engela? Ek kan altyd 'n ding lank voor die tyd voel, en ek sê vir jou sy sit net hier om vir daardie Herman Verwei te wag..... (*Brei weer.*) Maar ek wonder waar Martha vanmôre so lank wegbly? Dis nie 'n goeie plek vir haar hierdie nie.

ENGELA: Wat is dan verkeerd met hierdie plek, Lavina?

LAVINA: Nee, maar ek het geweet toe jy vir my sê dat jy vir ons plek bestel het, dat dit weer in 'n wêreldse omgewing soos die hotel Uitsig, sal wees. Dit kon ek jou al daardie tyd gesê het.

(NITA *sit die koerant neer, staan op en stap regs af.*)

LAVINA (*sit haar agterna en kyk*): Ja, vrou, trek maar jou neus vir my op. Ek sal nog sien wie van ons twee dit kan bekostig om sy neus op te trek. (*Tel die steke terwyl sy verder brei.*) Twee-en-sewentig, drie-en-sewentig.....

ENGELA: Ds. Le Roux is tog 'n gawe man.

LAVINA: Wat praat jy nou weer tussen-in, Engela! Nou weet ek nie weer hoeveel steke ek op het nie.

ENGELA: Drie-en-sewentig, Lavina.

LAVINA: Vier-en-sewentig, vyf-en-sewentig..... Dis vir my of hier 'n onheil aan broei is. Ek was mos van kleins-af so; as daar iets gaan gebeur, dan weet ek dit dae voor die tyd. Al het jy die hele plek deurgesoek, kon jy nie 'n onwensliker hotel as hierdie gekry het nie. Sewe-en-tagtig, ag-en-tagtig..... Daar by die venster sit ou mnr. Frederik Durant die heeldag en drink. Mevr. Du Toit flankeer rond met Herman Verwei en haar stomme man is te blind om dit te sien.

ENGELA: Dis tog snaaks hoe baie dinge jy raaksien, Lavina.

LAVINA: Daar is niks snaaks vir my in nie, Engela. Ek gebruik net die twee oë wat ek gekry het, dis al. As ek sien hoe baie die wêreld verander het vandat ek jonk was, dan sidder ek eintlik vir die onskuldige Martha.

ENGELA: Ek wens baie dae weer dat sy nie so onskuldig was nie. Ek wonder baie dae of 'n mens nie baie in die lewe mis en of 'n mens nie..... meer vir ander kon beteken het as jy nie so gou kwaad in dinge raaksien nie.

LAVINA (*verontwaardig*): Engela! Ek twyfel regtig party dae of jy wel 'n Moerdyk is of nie. Ek..... ek weet amper nie wat om te sê nie..... (*Vererg.*) Honderd-en-dertien, en-veertien, en-vyftien.....

(HERMAN *kom haastig regs op. Hy kyk rond nes of hy iemand soek.*)

LAVINA (*katterig*): Nee, mnr. Verwei, mevr. Du Toit is nie hier nie. Sy is nou net hier uit.....

HERMAN (*wil hom eers vererg, maar antwoord dan kalm*): O..... ja, dankie, mej. Moerdyk. (*Weer regs af.*)

LAVINA: Wat het ek vir jou gesê, Engela? Dis vir hom wat sy gewag het. Ek kyk hulle maar so deur. Netnou sal ou mnr. Durant weer inkom om sy sopie te drink. Dan sal Herman Verwei en daardie vrou weer gaan stap.

MARTHA ENGELBERT (*kom regs op; sy is ouderwets aangetrek, dra haar hare in 'n ouderwetse bolletjie*): O, hier is tante-hulle. (*Giggel.*) Ek het geswem en die water is heerlik..... Mnr. Verwei het ook saam geswem. (*Giggel selfbewus en peuter met die draadloostoestel.*)

LAVINA: Martha, dis nie iemand wat jy mee saam moet swem nie. 'n Meisie behoort glad nie saam met mans te swem nie. Mans, my kind, is nie mense nie, maar diere, en Herman Verwei is glad nie iemand wat jy mee gesien moet word nie. Dit sal eers onskuldig begin, alles begin gewoonlik so onskuldig, maar later.....

MARTHA: Dis Engeland hierdie, tant Lavina. (*Draai weer rond.*) En dis Duitsland. (*Sy neurie die wysie.*)

LAVINA: Laat staan daardie ding, Martha, en luister na my. Jy sal nog eendag bly wees dat tant Engela en ek jou reggehelp het. Ek wil nie hê jy en daardie man moet weer saam swem nie.

(HERMAN *weer regs op.*)

MARTHA: Goeiemôre, mnr. Verwei. (*Giggel.*) Ek het jou vanmôre sien swem, mnr. Verwei..... Ek was ..... self toe in die water..... (*Giggel.*)

HERMAN (*kyk rond ingedagte*): So?

MARTHA: Ja. Ek het net so 'n entjie van jou af geswem. Dis ek..... wat vir jou gewaai het.....

HERMAN (*verstrooid*): So?

MARTHA: Ja. Ek het nog ,koehoe!' geskreeu. (*Giggel.*)

HERMAN (*aan* ENGELA): Mej. Moerdyk, weet u nie of mevr. Du Toit uit is nie?

ENGELA: Ek weet nie.....

LAVINA (*val haar in die rede*): Gaan kyk in haar kamer, mnr. Verwei.

MARTHA: Gaan jy elke môre swem, mnr. Verwei?

(HERMAN *antwoord haar nie; stap regs af.*)

LAVINA (*staan op*): Ek gaan kamer-toe, Engela. Die meide sal dit tog seker nou al aankant hê. (*Kyk op haar horlosie.*) Kwart-voor-elf! Engela, moenie vergeet om vir my tee te hou nie, hoor! Jy weet hoe gaan dit in die hotel — almal gryp net. (*Regs af.*)

MARTHA: Tant Lavina is vanmôre weer in 'n slegte bui. (*Gaan op die leunstoel sit.*)

ENGELA: Jou tant Lavina meen nie kwaad nie. Sy.... het 'n ander opvoeding gekry as vandag se jongmense. Martha, jy moet altyd probeer om soos ander jongmense te wees. Kyk hoe hulle dinge doen en jy sal baie leer.... Trek vir jou ook party dae mooi aan.....

MARTHA: Ja, tant Engela..... Ek..... weet ek is nie soos ander jongmense nie..... en ek wil tog so graag soos hulle wees.

ENGELA: Gaan vanmiddag na die haarkapper en laat jou hare kort afsny, en..... krul ook, Martha. Ja, ek dink jy sal baie mooier lyk.

MARTHA (*bly*): O, ek sal so bly wees..... (*Neerslagtig.*) Maar wat sal tant Lavina sê?

ENGELA: Ek sal self met jou tante praat.

MARTHA (*ingedagte*): Mnr. Verwei en die ander sal dan seker meer notisie van my ook neem....

ENGELA (*kyk aandagtig na haar*): Ek moes jou al lankal self onder hande geneem het. Ja, ja, jy sal glad nie sleg lyk as jou hare eers afgesny is nie. (*Hulle luister.* LAVINA *se stem is duidelik in die gang hoorbaar*: Dis al elfuur en my kamer is nog nie aankant nie! Dis ongehoord! Waar moet ek miskien die heeldag ronddrentel?)

ENGELA (*ontsteld*): Ag, Martha, kom ons gaan tog maar gou na jou tante. Ek ys eintlik vir die dinge wat sy altyd sê..... (*Sy stap regs.*) Kom tog maar gou. (ENGELA en MARTHA *regs af.*)

(DIE KELNER *met die teekoppies links op; hy sit hulle op die koffietafeltjie reg. Hy neurie 'n bekende deuntjie.*)

NITA (*regs op; kyk rond*): George, het jy nie vir mnr. Verwei iewers gesien nie?

KELNER: Nee, Mevrou. (*Hy luister.*) Maar ek dink dis mnr. Verwei wat nou hier in die gang loop. (*Hy stap links by die deur uit en roep:*) Mnr. Verwei.....

HERMAN (*links op*): A, hier is jy! Ek het jou al oral rond gesoek. Niemand kon my sê waar jy is nie. (*Lag.*) Ou mej. Moerdyk het my glad aangeraai om in jou kamer te gaan kyk.... Ek wou jou my planne vir vanaand vertel het. (*Terwyl hy praat, wil* NITA *kort-kort iets tussen-in sê, maar kry nie 'n kans nie. Sy staan senuweeagtig rond.*) Jy onthou mos nog, Nita, dat jy my belowe het om een aand saam met my uit te gaan, net ons twee alleen. Nou ja, ons sal nooit 'n beter kans kry as nou nie. Gysbert gaan na Johannesburg. Ons kan lekker tye nou saam hê, weg van die skinderbekke hier. Uiteindelik saam met mekaar. Ons gaan eers vanmiddag uitry, dan saam in 'n hotel eet, en dan vir die hele aand saam. Het jy al daaraan gedink? Ons twee saam, Nita, net ons twee..... (*Hy vat haar hand.*)

NITA (*trek haar hand uit syne*): Nee, Herman, dis juis waarom ek jou ook wou gesien het. Maar jy gee my nie eers 'n kans om te praat nie. Ek gaan ..... nie meer saam nie.....

HERMAN: Bang vir wat die mense mag sê? Ek dag ons twee gaan ons nie aan sulke dinge steur nie. Laat dit oor aan die mense wat wil voorgee dat hulle beter is as wat werklik die geval is. Kom ons sit hier op die rusbank, dan vertel jy my wat dit is wat jou dan nou so iets laat besluit het. (*Wil weer haar hand vat.*)

NITA: Nee, Herman. (*Gejaagd.*) Ek weet vanmôre dat dit nie die regte ding is nie. Ons kan maar lag en spot vir die dinge wat vir ons ouer mense heilig was, maar vanmôre voel ek tog dat dit tog baie werd is.

HERMAN: Dan het jy skielik bang geword? Maar ek is nie van plan dat ons aand saam bederf sal word nie. Jy weet ek het jou lief, Nita. (*Kom haastig nader.*) Jy weet mos ek het jou lief, nè, Nita?

NITA: Herman, moenie vandag ligsinnig praat nie.... (*Sy draai weg.*)

HERMAN: Jy is vandag vir my so vreemd, Nita.

NITA: Daar het iets met my vandag gebeur. Ek kan nog self nie verstaan wat dit is nie. Ek weet net dat ek seker nie weer dieselfde mens sal wees nie. Ek is jammer vir jou, Herman, want ek dink ek verstaan jou.

HERMAN: Nita, jy sê jy verstaan my. (*Kom nader.*) Sê my, weet jy hoe hartstogtelik ek na die aand saam met jou verlang het. Net jy en ek saam.... (*Kom nader en vat haar hand.*) Jy weet, nè, Nita? Nita! (*Sy stem is hees van aandoening.*) Nita, jy ook wil vanaand liewers saam met my gaan.... (*As sy nie antwoord nie, draai hy haar na hom toe.*)

NITA: Ek.... kan nie.... Moet my nie verder martel nie. Ek het..... vir..... Gysbert lief..... Jy het my vriendskap verkeerd verstaan.

HERMAN: Is dit jou antwoord?

NITA: Ja.....

HERMAN: Dan is daar seker nou niks meer vir my oor nie as om te sê hoeveel jy vir my beteken het... (*Bytend.*) En natuurlik ook baie te bedank vir jou vriendskap..... Dan is jy tog ook maar een van dié wat net bang is vir wat die mense kan sê..... (*Lag en stap regs.*)

NITA: Herman!

HERMAN (*kom skielik nader; bly*): Jy kan so ook nie afskeid neem nie, Nita? Jy hoef dit nie vir my te sê nie, want ek kan dit sien....

NITA: Nee, Herman, jy verstaan my verkeerd. Ons kan nie..... O, moet my nie dwing om vanaand saam met jou uit te gaan nie.

HERMAN: Goed. Ek sal nie. (*Stap regs. By die deur draai hy weer na haar.*) Miskien het jy my verkeerd verstaan, Nita. Maar daar sal ons nou nie oor praat nie. Tot siens! Jy kon 'n medemens gehelp het, en jy wou nie.

NITA: Herman!

HERMAN (*maak of hy nie hoor nie, en stap regs af*).

(NITA *staan vir 'n oomblik roerloos, ingedagte. Sy tel die koerant op, maar sit dit neer sonder om daarin te lees. Stemme word regs gehoor. Sy luister meganies; stap na die draadloostoestel, slaan dit aan en sluit dit amper onmiddellik weer af. Dan met 'n ergerlike gebaar stap sy links.*)

NITA (*kom regs op*): Sannie!

SANNIE: Ja, mevr. Du Toit?

NITA: Sannie, ek wil hê.....

SANNIE: Ja, Mevrou?

NITA (*gejaagd*): Waar is Lettie?

SANNIE: Ek het gedag sy is hier, Mevrou.

NITA: Jy moet vanaand mooi na haar kyk, Sannie.

SANNIE (*verbaasd*): Ja, Mevrou.

NITA: Ek gaan vanmiddag uit na die stad en sal nie hier wees vir aandete nie. Sorg goed vir haar en kyk tog dat sy vroeg vanaand in die bed kom....

SANNIE: Ja, Mevrou.

NITA: Ek sal nie dadelik na ete hier wees nie..... Miskien 'n bietjie laat.... Sorg maar goed vir haar.... Miskien is ek..... laat eers terug.....

SANNIE: Ek sal, Mevrou.

(SANNIE *regs af. Die* KELNER *links op met die tee.*)

KELNER: Tee, Mevrou?

NITA: Hm?

KELNER: Sal Mevrou tee neem?

NITA: Nee, George, dankie..... (*ingedagte.*) Nee, nee, ek sal nie tee neem nie. (*Sy gaan op die rusbank sit, neem die koerant en blaai daarin rond. Nie tevrede daarmee nie, haal sy 'n sigaret uit haar sakkie en steek die aan.* GEORGE *kyk haar vreemd aan.*)

(HEINRICH, DEON *en* MARIE *kom gesels-gesels regs op.* DEON *en* HEINRICH *is nog in tennisdrag.*)

DEON: A, net betyds vir tee. Jy was vanmôre te goed vir my, mnr. Opperman. (*Lag.*)

(NITA *staan eers onseker rond; senuweeagtig. Gaan dan regs af.*)

HEINRICH: Miskien vandag ja, maar ander dae stof jy my weer maklik uit. Jy het bepaald swak gespeel vanmôre, meneer Le Roux. (*Hulle neem die koppies tee by die bediende.* DEON *en* MARIE *gaan op die rusbank sit en* HEINRICH *staan naas die kaggel.*)

MARIE: Wie se bagasie staan dan daar op die stoep? Is dit iemand wat gekom het? Ek hoop tog net dit is geselskap vir my.

HEINRICH (*spottend*): En ons? Wil jy dan sê dat ons nie geselskap vir jou is nie?

MARIE: Nee, julle is die arme Marie al so gewoond dat julle nie meer haar bekoorlikheid raaksien nie. 'n Bietjie mededinging sal vir jou, Heinrich, nie sleg wees nie..... Maar julle het nog nie my vraag beantwoord nie. Wie se bagasie is hier buitekant op die stoep?

DEON: O, dis mnr. Du Toit s'n. Ek verstaan hy vertrek vanaand na Johannesburg. So is daar glad nie vooruitsigte nie, Marie. Dis nie 'n nuwe vakansieganger nie.

MARIE (*gemaak-ernstig*): Arme Marie. O, hier sal wel eendag iemand kom wat hom oor my sal ontferm.

(LAVINA, ENGELA *en* MARTHA *regs op.*)

LAVINA: Wat is dit van ontferm? (*Hulle neem hul tee.*)

(*Die* KELNER *links af.*)

MARIE: Jy het mos goeie ore, mej. Moerdyk.

LAVINA (*onderwyl sy saam met* ENGELA *op die vensterrusbank gaan sit*): Ja, en goeie oë. As 'n mens jou oë en ore gebruik, sal jy snaakse dinge hoor en sien.

HEINRICH: Ek wens ek het mej. Moerdyk se ore en oë gehad. Ek sou dit baie goed kon gebruik het.

LAVINA: Gn! Goeie oë! Goeie oë. Gebruik maar net die oë wat jy het....

MARTHA (*sentimenteel*): O, mnr. Opperman, vertel tog vir ons van jou boek. Hulle sê vir my jy het 'n boek geskrywe.

HEINRICH (*groots*): Ja, mej. Engelbert, ons sal maar sê ek het een probeer skrywe, want ek weet nog nie of hulle hom gaan uitgee nie. Prof. Du Toit is dit vir my aan nasien, en hy het belowe om my vanaand te sê wat hy daarvan dink. (*Vuriger.*) Dis 'n nuwe rigting wat ek daarin ingeslaan het, glad 'n nuwe rigting. Ek dink eerlikwaar dat daar verjonging in ons letterkunde moet kom. Die skrywers kan nie net by die armblankes stilstaan nie; daar moet nuwe rigtings ingeslaan word, en ek hoop ek het dit reggekry om iets nuuts aan die lesers te bring. ,Vreemde Gode' dink ek is heeltemal iets anders as die gewone temas wat skrywers gewoonlik in ons land aanpak.....

MARTHA: O, mnr. Opperman, ek sal dit tog so graag wil lees! (*Giggel.*) Ek is so bly dat ek ook 'n kunstenaar ontmoet het.

LAVINA (*proe-proe aan haar tee*): Die tee wat hulle darem vir 'n mens in 'n hotel gee! Jy moet liewers 'n boek oor die lewe in 'n hotel skrywe. (*Sy sê dit asof sy wil voorgee dat hier baie dinge is om oor te skrywe as hy maar net wil oplet.*) Maar moet net nie vir my in die verhaal insleep nie!

HEINRICH: 'n Gawe plan. Mej. Moerdyk, die ryk tante, heimelik verlief op ou mnr. Durant..... Hy is weer verlief op mej. Engela en ontdek eers te laat wie eintlik die geld het.....

(FREDERIK *links op. Hy gaan by die tafeltjie links sit, en lui vir die kelner. Net vir 'n oomblik praat niemand nie.*)

HEINRICH: Ja, hulle sê altyd dat as 'n mens van die duiwel praat..... Nog 'n koppie tee, Marie? (*Sy bedank.*)

(*Die* KELNER *links op.*)

FREDERIK: Whiskie en soda.

(DIE KELNER *links af.* LAVINA *hoes in 'n poging om die aandag op mnr.* DURANT *te vestig.*)

MARIE (*merk dit en wil die gesprek in 'n ander rigting stuur*): En ek, Heinrich? Het jy vir my ook 'n plekkie in jou boek?

HEINRICH: Ja, sien, jy trou uiteindelik met ds. Le Roux. (*Sy mik om hom met die koerant te gooi, maar hy spring weg en skuil agter* LAVINA.) Wat, het ek dan raak geraai?

LAVINA: Kyk waar jy trap, mnr. Opperman!

(DIE KELNER *links op met die whiskie, sit dit voor mnr.* DURANT *neer en gaan weer links af.*)

MARIE (*spottend*): Ons kunstenaar is in die moeilikheid!

HEINRICH: Kyk, tant Lavina is kwaad. Ek moet eers weer goedmaak. Kom, mej. Moerdyk. (*Hy gryp haar en begin in die rondte te wals. Sy stribbel eers teë maar later maak sy haar oë toe en met haar kop op sy bors wals sy. As hy haar na 'n paar draaie los, staan sy nog so 'n rukkie.*)

LAVINA: Ek het 'n kêrel geken wat net soos jy kon wals, mnr. Opperman. (*Duiselig.*)

MARIE (*ondeund*): Vertel ons, mej. Moerdyk.

LAVINA (*groots*): Hy is nou sendeling..... Ons was een vakansie saam en daar....

HEINRICH: Ja, en toe?

LAVINA: Ek dink hy het my liefgehad.

HEINRICH: Die stukkie romantiek uit die verlede!

DEON: Hoe het u dit agtergekom — ek bedoel dat hy verlief was? (*Hy lag.*)

LAVINA: Hy het..... dit is tog so en waarom sal ek daaroor skaam wees. Nee, hy het my een dag deur die water gedra en toe het hy my 'n soen gegee.

HEINRICH: Ek sal daardie verhaal weer moet oorskrywe. Net toe tant Lavina (*hy noem haar soms so*) in wanhoop wil weggaan, kom die sendeling terug.

LAVINA (*klaar weer spyt dat sy hulle haar vertroue gegee het en wil die gesprek op iets anders swaai, geheimsinnig*): Ek is bevrees jou verhaal oor ons hier sal glad anders geskrywe moet word. Die vrou wat ontrou aan haar man is..... Daar is vandag baie sulkes, as jy maar net jou oë gebruik. Engela, waarom stamp jy my aan?

ENGELA (*in die war*): Ek.... het jou nie aangestamp nie.

LAVINA: Jy het; en moenie weer met my stry nie! As ek van die vrou wil praat, sal ek.....

DEON (*wil graag die gesprek verander*): Nou ja, Heinrich, ons sal jou dan in vrede laat om die verhaal te skryf soos jy dit goed dink.

LAVINA: As mense ook moedswillig blind wil wees en maak of hulle nie sien nie..... Maar, Engela, hoekom stamp jy my dan kort-kort aan? As jy dan meen ek moenie hier wees nie, sal ek maar gaan.... (*Sy stap vererg regs af.*)

(ENGELA *staan op en volg haar. Daar volg 'n oomblik van spanning waarin* DEON *'n wysie begin neurie,* HEINRICH *die draadloos aansluit en* MARTHA *ook regs afstap.*)

MARIE: Sy bedoel natuurlik mevr. Du Toit en mnr. Verwei.

(FREDERIK DURANT *lui weer vir die kelner.*)

DEON: Dis waarskynlik haar bedoeling. Gaan ons weer ons spel vervat, Heinrich?

HEINRICH: Seker, mnr. Le Roux.

(HEINRICH *en* DEON *regs af.* DIE KELNER *links op.*)

FREDERIK: Whiskie en soda.

(KELNER *links af. Solank* FREDERIK *op die verhoog was, het hy net voor hom uitgestaar. Dis dadelik opvallend dat daar iets is wat hom baie hinder. Hy luister nooit na die gesprek nie.* MARIE *kyk 'n lang ruk na hom en kom dan by hom sit.*)

MARIE: Ek het al baie dae gewonder of ek dit maar sal waag om met mnr. Durant te praat, al ken ons nie mekaar nie. Verskoon my vrypostigheid, maar voel u nie baie alleen nie?

FREDERIK: Ek verkies dit so.

MARIE: Is u seker daar is niks wat ek vir u kan doen nie, mnr. Durant?

FREDERIK (*nors*): Niks.... (*'n bietjie vriendeliker*), dankie.

(KELNER *links op, sit die whiskie voor mnr.* DURANT *neer en gaan weer links af.* MARIE *bly daar by die tafel sit, maar mnr.* DURANT *merk haar oënskynlik nie op nie. Haastig sluk hy die drank af en stap regs af.*)

MARIE (*sit nog 'n oomblik naas die tafel, staan op en gaan by een van die vensters staan; lag skielik*): Marie Vercuiel, jy moet vir my sê of jy nou op jou oudag wil staan en verlief word, en dit glad op 'n dominee wat amper tweekeer so oud as jy is. Jy sal vir jou moet oppas. (*Maak 'n gebaar of sy erg gesteurd is, draai om en lui vir die kelner. Solank sy wag, staan sy by die koffietafeltjie en neurie; tik met haar vingers senuweeagtig op die tafelblad.* DIE KELNER *links op. Toe hy sien dis net* MARIE *wat in die vertrek is, wil hy net weer afgaan as* MARIE *hom terugroep*): George, dis ek wat gelui het; of dink jy ek kan nie ook iets bestel nie?

KELNER (*verleë*): Seker, mej. Vercuiel.

MARIE: Bring asseblief vir my whiskie en soda. Toe, toe, wat staan jy my so en aangaap! Whiskie en soda, George.

KELNER: Goed, mej. Vercuiel. (*Hy stap links.*)

MARIE: George!

KELNER: Ja, Juffrou?

MARIE: Ek sê: die lewe is wonderlik, nè, George. Ja, ja, jy hoef nie so verbaasd te lyk nie. Hier is ek nou al lankal in die hotel en al wat ek van jou weet, is dat jou naam George is. Jy, weer, weet seker na genoeg alles omtrent ons hier.... En.... wat is jou van, George?

KELNER (*dood-sedig*): Washington, mej. Vercuiel.

MARIE: Washing.... Wat nou weer, George?

KELNER: Washington, mej. Vercuiel. George Washington!

MARIE (*lag*): Weet jy dat jy 'n beroemde man se naam het, George?

KELNER: So het Bill vir my ook gesê.

MARIE: Al interessanter.

KELNER: Ja, Juffrou. Ons gesels baie aande saam ná ons klaar is met ons werk.

MARIE: En wie is Bill?

KELNER: 'n Maat van my, Juffrou, en die kelner by die hotel Splendid.

MARIE: So....? En jy het seker ook 'n nooi, George.

KELNER (*lag*): Nee, mej. Vercuiel; maar ek het 'n vrou.

MARIE: Nog mooier en nog interessanter. En kinders seker ook, George?

KELNER: Ses, Juffrou.... (*Hy voel dat* MARIE *nie net uit nuuskierigheid vra nie en so vertel hy met lus.*) Ja, ses. My vrou is siek, en nou is ek ook maar onrustig.

MARIE: Is daar miskien iets wat ek vir haar kan doen, George?

KELNER: Niks, dankie, mej. Vercuiel. (*Hy lag verleë en sê dan veelbetekenend*): Ek wens dis 'n seun, Juffrou....

MARIE (*verbaas*): Wat! 'n Seun....? O ja, natuurlik. ..... En waarom dan 'n seun, George?

KELNER: Sien, Juffrou, my vrou het so baie familie, en elke slag as ons 'n seun het, dan moet hy een van haar familielede se name kry. Nou het sy my belowe dat as dit 'n seun is, kan hy my naam kry. (*Trots.*)

MARIE: Dit lyk vir my of jy baie gelukkig is, George. Wat is die geheim?

KELNER: Daar is nie 'n geheim nie, mej. Vercuiel. Ek voel hier binnekant (*hy druk op sy hart*) lekker, en as 'n mens daar lekker voel, dan is jy gelukkig.

MARIE (*spottend*): George, jou naam moes eintlik Plato gewees het.

KELNER (*verbaas*): Plato? En waarom Plato, mej. Vercuiel? Wie is Plato?

MARIE: Vra maar vir Bill. Ek dink hy sal vir jou kan sê. En sê vir my as dit 'n seun is, George.... Bring nou maar die whiskie, George.

GEORGE (*hoes en maak keelgeluide asof hy graag nog iets wil sê*).

MARIE: Toemaar, George; praat maar. Vandag vertel ons maar al ons geheime.

KELNER: Verskoon maar as dit voorbarig lyk, mej. Vercuiel, maar u is seker verlief.

MARIE: Verlief! Waarom dink jy dan so, George?

KELNER: Ek het net een keer gedrink, mej. Vercuiel, en dis toe ek vir Mollie, my vrou, ontmoet het.

MARIE: Jy is reg, George, en ek dink as jou vrou 'n seun het, moet jy hom liewers Plato noem. (HERMAN *regs op.*) Halo, mnr. Verwei. Jy is net die persoon na wie ek al hele môre soek. George, bring twee whiskies met soda. (GEORGE *links af.*)... Ja, mnr. Verwei, ek kan sien dat jy verbaas is, maar dis 'n dag vir ontdekkings. Ek het vanmôre nie minder as twee ontdekkings gedoen nie, en daarom moes ek die whiskie bestel.

HERMAN: En een daarvan is seker in verband met my, mej. Vercuiel?

MARIE: Ja. Moenie vir my sê ek het nîks met u sake te doen nie..... maar.....

HERMAN: Sê dit maar gerus, Juffrou.... Ek dink ek weet wat jy vir my wil sê. (*Hulle gaan sit.*)

MARIE: Dit maak die saak natuurlik makliker vir my. Daar is mense wat meen dat hulle hier op 'n ongelukkige huwelikslewe afgekom het....

HERMAN: Mej. Lavina Moerdyk....?

MARIE: Presies, mnr. Verwei. Ek het vanmôre skimpe gehoor en toe het ek net gewonder of dit voorbarig van my sal wees om u te waarsku....

HERMAN: Ek weet. Ek het dit self al gehoor. (*Dink 'n oomblik na.*) En dit maak dit nou vir my makliker om met u openhartig te gesels. (*Staan op, peins en kom dan voor* MARIE *staan.*) Mej. Vercuiel, ek is 'n persoon wat nooit die heilige dinge in die lewe gerespekteer het nie. As ek maar die lewe kan geniet, dan het ek nie omgegee wie ek seermaak nie. En nou..... (*maak 'n hopelose gebaar*). Nou wil die noodlot dit hê dat ek ook eenkeer in my lewe opreg liefhet, maar sy is nie een wat ooit ontrou aan haar man sal wees nie. Verstaan u nou, mej. Vercuiel..... Vanaand gaan sy saam met my uit..... en dan mag ek haar nie weer sien nie..... Dis die voorwaarde.... (*hopeloos*) dan mag ek haar nie.... weer sien nie..... Dit het sy my netnou laat belowe.

MARIE: Ek is..... ek het nie geweet nie.....

HERMAN: Nou ek eenmaal opreg liefhet, moet ek afsien van haar.... (*Bly 'n oomblik ingedagte staan, skud hom reg en vervolg ligsinnig*): Maar dis nie die rede waarom jy die whiskie bestel het nie. En wat is nou jou werklike rede, mej. Vercuiel?

MARIE: O, die ander een verstaan George alleen. 'n Wonderlike skerpsinnige persoon, die kelner.

(GEORGE *links op.*)

HERMAN: George, neem die whiskie vir ons na die stoep. Kom ons gaan daar gesels, mej. Vercuiel. (*Hulle stap links af. Die toneel is net vir 'n oomblik leeg en dan kom* GYSBERT DU TOIT *regs op, jas oor die arm. As hy sien daar is niemand in die vertrek nie, wil hy net weer regs afgaan, as mej.* MOERDYK *opkom.*)

LAVINA: Ek het u al oral rond gesoek, mnr. Du Toit. (*Onseker.*) Ek was nie eers seker of ek dit vir u moet sê nie, maar nou voel ek dis my plig. Ek het 'n voorgevoel iets gaan hier gebeur..... Dis al of iemand vir my sê: Sê vir mnr. Du Toit hy moenie gaan nie. (*Lag senuweeagtig.*) U weet mos 'n mens kry soms so 'n snaakse voorgevoel....

GYSBERT: Nou, maar wat dink u kan hier gebeur?

LAVINA: Ek weet nie.... Ek bedoel.... As u nou self 'n bietjie....

GYSBERT (*kyk haar vraend aan*): Kom sit hier, mej. Moerdyk, dan vertel u wat u weet. (*Hy wys na die rusbank.*)

DEON (*regs op. Hy kyk onseker na die twee, merk iets en kom na hulle toe. Dan lui die ete-klok*): Daar lui die ete-klok, mej. Moerdyk. Kom ons gaan eet. (*Hy draai na mnr.* DU TOIT:) Ek hoop u sal 'n goeie reis hê. Wanneer vertrek u, mnr. Du Toit?

GYSBERT: Eers vanaand om neënuur, maar ek gaan nou al om 'n paar sakies in die stad te reël.

DEON (*steek sy hand uit*): Nou ja, 'n goeie reis, mnr. Du Toit.

LAVINA (*kyk hom ergerlik aan, stap dan links af.*)

GYSBERT (*lag*): Mej. Moerdyk wou my net vertel van 'n voorgevoel wat sy het.

DEON: Ek weet. Sy het al vanmôre daarvan gepraat en omdat ek weet 'n mens is maar altyd onrustig as jy op reis gaan, het ek gedag ek sal u maar liewers kom waarsku. Die ou ergerlike bygelofies. ..... (*Hulle lag.* GYSBERT *groet en gaan regs af.* DEON *staan 'n oomblik ingedagte en gaan links af.*)

(*Skerm.*)

TWEEDE BEDRYF.

EERSTE TONEEL (*Saterdagaand, half-sewe*).

TONEEL: *Dieselfde as in die eerste bedryf. As die skerm opgaan sit* LAVINA *en haar suster* ENGELA *op die vensterrusbank en brei.*

LAVINA (*trek vererg al die steke weer uit*): Ek het jou mos gesê dat honderd-en-veertig steke vir my te min is vir 'n jakkie. Gerrie vat altyd honderd-en-sestig steke, maar dan is sy darem gesetter as ek. Nou moet ek alles weer uittrek.

ENGELA (*lag*): Ék het gesê jy moet honderd-en-vyftig opsit en dis jy wat so min wou neem.

LAVINA: Ek weet daar niks van nie. Jy kon my ook eerder gesê het; nou moet ek die hele ding weer voor begin.

(MARTHA *regs op. Sy het haar hare intussen laat afsny en lyk nou baie meer aanvallig as voorheen.*)

LAVINA: Hemel, kind, wat het jy met jou hare aangevang?

MARTHA: Die man wat my hare gesny en gekrul het, sê hy het nog nooit iemand met sulke mooi hare gesien nie. (ENGELA *lag onderlangs.*)

LAVINA: Hulle sal enige ding vir jou sê. Dis seker hieroor dat jy vanaand nie wou kom eet het nie. Te bang ek sal dit sien! Kamtig hoofpyn.... Gn! Hoofpyn. Ek dink jy het 'n ander soort pyn. Dis sommer om agter die mans aan te hardloop dat

jy nou jou hare so betakel het. Ja, en Engela, jy hoef ook glad nie te lag nie. Help die kind nog aan na die verderf. As sy nou so aangaan, dan weet ek nie waar gaan dit eindig nie. Net om later ook te rook en te drink, soos die Marie Vercuiel..... Gn! Ek is geleer om my nie so op te tooi vir die mans nie....

ENGELA: En tog sal Martha nou so gelukkiger wees. En dan ook: dis baie makliker om te dink jy is 'n goeie sedelike mens as jy soos 'n spektakel rondloop van wie niemand notisie neem nie. Jy weet dan niks van die lewe af nie. As jy soos ander mense is, dink en doen, en dan nog van goeie sedelike gedrag is, dan is dit eers iets om trots op te wees.

LAVINA: Ek.... ek verbaas my oor jou, Engela. Wat sal jy die kind nog meer wil leer?

ENGELA: Ek dink dis omtrent tyd dat iemand jou reghelp, Lavina. Die arme Martha was hier die spot van die gaste en kon niks van haar jong lewe geniet nie. Jy kan nou maar net sê wat jy wil, maar ek gaan haar reghelp sodat sy ook nie eendag soos ons twee hier hoef te sit nie, 'n spot vir ander.

LAVINA: En hoe sit ons? (*Vererg.*) Hoe sit ons dan miskien? Wie is die spot vir ander! Ek wil liewer so sit — want dis mos wat jy bedoel: skimpe omdat ek ongetroud is — as om soos party van hierdie flerries rond te stap. Ek kon ook getrou het as ek gewou het, maar ek ..... wil nie soos die Nita du Toit rondloop nie....

ENGELA: Sê maar liewers, Lavina, dat jy spyt is dat jy nie ook getroud is nie. Ek wens ek het iemand kleintyd gehad wat my kon reghelp.

LAVINA: Ek het geweet dit sal daarvan kom as ons langer in hierdie goddelose plek bly. Waar is Nita du Toit vanaand? Ek vra jou, waar? Haar man het skaars sy voete uit die hotel gesit of sy en die Herman Verwei is weg.... Gn! Dink 'n bietjie: spyt wees dat ek ook nie getroud is nie? Onthou net, Martha, 'n mansmens is nie iets wat jy saans na donker alleen mee kan wees nie.

MARTHA: Tante, ek wens weer ek kon partykeer saam met hulle uitgaan.

ENGELA: Nee, Martha, 'n man is net so goed of sleg soos die meisie is met wie hy omgaan.

LAVINA: Wat is dit dan vanaand! Net soos ek iets sê om die kind reg te help, dan het jy iets daaroor te sê, Engela. Toe maar, jy sal nog eendag sien dat ek al die tyd reg was. (*Sy staan vererg op. stap neus in die lug regs.*)

(DEON *en* HEINRICH *regs op.*)

HEINRICH (*as hy* LAVINA *by die deur kry*): Tant Lavina lyk my vanaand net kwaad. Vertel maar vir haar Heinrich wat gebeur het.

LAVINA: Ek is nie jou tant Lavina nie! (*Regs af.*)

HEINRICH (*fluit*): Soe, maar nou was dit darem nael-skraap! (*Hy sit op die leunstoel, vou die koerant oop.* DEON *sit op die rusbank en begin 'n boek lees.*)

ENGELA (*lag*): Die groot kwaad is eintlik omdat Martha haar hare afgesny het.

HEINRICH (*spring op en kom na* MARTHA): Ou kind, ek wou eers nie vra wie hierdie vreemde nooi is nie. (*Ongelowig.*) Is dit werklik jy, mej. Engelbert? Nee, ek glo dit nie. Julle kan dit weer en weer vir my sê, maar ek sal dit nie glo nie.

MARTHA (*bly*): Het jy my regtig nie geken nie, mnr. Opperman?

HEINRICH: Nee. (*Spottend*:) Jy lyk kompleet soos die nooientjie wat ek altyd in my drome sien.

MARTHA (*bly*): Meen jy dit regtig, mnr. Opperman?

DEON: Jy lyk regtig mooi, mej. Engelbert.

HEINRICH: Nee wag, voor mnr. Le Roux my voorspring, moet ek maar my kans waarneem. Ek het gedag dit sal 'n vervelige aand wees om te wag tot ek na prof. Du Toit kan gaan, maar nou gaan jy en ek, Martha, eers tee drink in 'n kafee en dan gaan jy saam na prof. Du Toit; en moenie nee sê nie. Jy weet mos ek moet hom vanaand gaan spreek oor my boek.

MARTHA (*spring bly op*): Ja, dit sal tog te lekker wees. Maar tant Lavina sal my nooit laat gaan nie.

ENGELA: Gaan maak maar vir jou klaar. Ek sal vir haar sê, Martha.

(HEINRICH *en* MARTHA *regs af.*)

ENGELA: Die kind is eintlik so bly dat 'n mens jaloers is dat jy nie meer jonk is nie..... Mnr. Le Roux, wat dink jy van mnr. Opperman se boek? Jy het dit mos al gelees.

DEON: Hy het ongetwyfeld talent. Miskien is sy talent nog nie ryp nie, maar dis ongetwyfeld daar.... Ek dink nou aan Martha en hom. Dit lyk my jy het 'n flair van romantiek, mej. Moerdyk?

ENGELA: Ek weet nie wat 'n flair is nie, mnr. Le Roux, maar ek hou daarvan om ander gelukkig te sien. (*Sy brei 'n oomblikkie en* DEON *begin lees. Dan*:) Ds. Le Roux, jy is al langer hier as ek. Kan jy my sê wie en wat mnr. Durant is?

DEON: Mnr. Durant? Niemand weet nie en almal is al nuuskierig. Ek weet nie of hy al met een persoon hier in die hotel gepraat het nie. Miskien het hy verbitterd geraak.... Ons is 'n eienaardige klomp hier bymekaar, en tog is ons lewens nou saamgevleg.... Maar ek glo nie aan toeval nie. Ons is seker hier saamgebring met 'n doel. As ek aan 'n Bestierende Hand glo, dan moet ek aanneem dat ons hier saamgebring is..... Mnr. Durant, Heinrich Opperman, Herman Verwei.... (*Hy kyk skielik na* ENGELA.) Herman Verwei! Jou suster het dit ook al opgemerk; Herman Verwei en mevr. Du Toit.....

ENGELA: Jy moet haar maar vergewe, mnr. Le Roux. Sy meen daar geen kwaad mee nie, en dis nou al 'n gewoonte by haar om te sê wat sy voel. Miskien moet ons almal so opreg in die lewe wees, maar dan sal dit ander glo ook weer seermaak.

DEON: Ek wens ek kon geweet het wat om te doen. Dis 'n beginsel by my om nie my neus in ander se sake in te steek nie. Maar 'n mens kan nie help om te dink nie....

ENGELA: Mnr. Le Roux, verskoon my dat ek so reguit praat, maar....

DEON: Seker, mej. Moerdyk.

ENGELA: Ons predikante kan soms so maklik oordeel, en nou is dit vir my so opvallend dat jy nooit 'n oordeel uitspreek nie. Ek het baie dae al gewonder.....

DEON (*staan op en stap onrustig in die vertrek rond*): Dis so gevaarlik om te oordeel, mej. Moerdyk.... 'n Mens kan so maklik verkeerd wees. As jy eers in die lewe gely het....

ENGELA: Ek verstaan, mnr. Le Roux.... Jy het ook al in die lewe gely.... Dan is daar nog iets wat ek met jou verlof graag sal wil vra, mnr. Le Roux.

DEON: Seker, mej. Moerdyk.

ENGELA: Ons hier in die hotel het baie dae al gewonder waarom jy dan nie getroud is nie. Dis seker nie die nooiens se skuld nie!

DEON (*stap 'n rukkie op en neer voor hy antwoord; spottend*): So 'n óu dominee en nog nie getroud nie!

ENGELA: Nee, so 'n gawe dominee en nog nie getroud nie! Ons het maar net gewonder. Daar is natuurlik gissinge.

DEON: Ek is verwaand genoeg om graag te wil weet wat die gissinge is.

ENGELA: Nee, party meen dat jy nie in die skone geslag belang stel nie, ander meen weer dat daar 'n liefdes-teleurstelling was....

DEON (*skrik half; staan lank by die venster voor hy antwoord; praat dan met 'n vreemde trilling in sy stem*): Miskien was hul gissinge reg..... Dit het lang terug gebeur en ek..... het gedag 'n mens sal dit gouer vergeet..... (*Kry swaar om verder te praat.*) Sy was so goed en edel..... (*Vurig.*) Maar daar is altyd mans wat net op die loer is vir sulke onskuldige meisies. Ja, mej. Moerdyk, jy het netnou gesê dat ek nooit oordeel nie, maar daardie slag het ek tog geoordeel. Ek het..... hard probeer om nie my vertroue in die mensdom te verloor nie. Ek hoop dat ek dit reggekry het. Maar ongelukkig kon niemand die onreg wat aan haar gedoen is, weer vergoed nie. Sy het weer alleen gely. Dis mos altyd die vrouens wat alleen onder so iets ly..... (*'n Oomblik stilte.*)

ENGELA: En die..... die man, mnr. Le Roux?

DEON: Nee, hy het stellig daarna alweer ander lewens ook verwoes. Hy het my daardie tyd nog nie eers

geken nie, en ek twyfel of hy vandag al weet dat..... (*met moeite*) sy my bruid sou word. Herman..... (*Skrik as hy agterkom dat hy die naam genoem het en wil die gesprek op iets anders bring.*) Maar ek verveel jou met al my moeilikhede, mej. Moerdyk.

ENGELA (*staan op en kom tot by hom*): Herman! Tog nie mnr. Herman Verwei nie?

DEON (*knik.—'n Oomblik stilte.* ENGELA *gaan weer sit en* DEON *kyk lank voor hom*): Verstaan jy nou, mej. Moerdyk, waarom ek sê ek is nie seker of ek nie miskien vir hom moet waarsku nie.....

KELNER (*links op*): 'n Dringende telefoon-oproep van die hospitaal, mnr. Le Roux. Mnr. Van Wyk is nie hier nie en nou wonder ek of u nie die oproep sal antwoord nie?

DEON (*knik*): Verskoon my asseblief, mej. Moerdyk.

(DEON *en die* KELNER *links af.* HEINRICH *en* MARTHA *regs op.*)

ENGELA: Maar jy lyk mos regtig mooi, Martha!

MARTHA (*bly*): Heinrich dink ook so, Tante.

ENGELA: Heinrich!? Ja, ja, natuurlik. Ek verstaan.

HEINRICH: Kwart-voor-agt! Kom Martha. Tot siens, tant Engela. Hou duim vas..... (*Hulle regs af. Engela luister 'n rukkie na hul stemme.* DEON *links op.*)

ENGELA (*merk dadelik aan hom dat daar iets gebeur het*): Mnr. Le Roux, wat het dan gebeur?

DEON: 'n Motorongeluk..... Herman Verwei is onmiddellik dood.....

ENGELA: Hemel! Hoe treurig tog! En mevr. Du Toit? Of was Lavina tog verkeerd....?

DEON: Nee, sy was ook in die motor, maar moenie vir jou ontstel nie, mej. Moerdyk.....

ENGELA: Dan..... dan..... (*Staan op en lê haar hand op haar bors.*)

DEON: Geen besering nie; net skok..... Maar mevr. Du Toit sal vereers daar in die hospitaal gehou word.....

MARIE (*kom intussen regs op en hoor die laaste woorde*): Mnr. Le Roux..... daar het iets gebeur.....

DEON: 'n Motorongeluk. (MARIE *skrik.*) Nee, moenie vir jou ontstel nie. Mevr. Du Toit ly net aan skok en sy sal seker môre die hospitaal kan verlaat.

MARIE: Ja, maar mnr. Verwei?

DEON: Hy..... is dood voor hulle nog by die hospitaal kon wees. (*Stilte.* MARTHA *gaan op die rusbank sit,* DEON *gaan voor die venster staan.*)

MARIE (*Spring ontsteld op as iets haar byval*): En mnr. Du Toit?

DEON: Die hospitaal het my belowe om die treinbeamptes in kennis te stel sodat mnr. Du Toit nog voor sy vertrek die tyding kan kry.

MARIE (*ontsteld*): Dit mag nie gebeur nie! Ek moét mnr. Du Toit sien voor hy die tyding kry. Hy mag anders sy vrou verdink en net Herman Verwei en ek weet hoe dit gekom het dat hulle twee saam was en hy..... is dood..... Ek moet hospitaaltoe! (*Tree haastig vorentoe.*)

ENGELA: Marie, jy sal seker nooit eendag spyt wees dat jy só besluit het nie. Gaan sommer dadelik, kind. (MARIE *haastig regs af. Nog 'n oomblik staan* DEON *besluiteloos en dan stap hy ook regs.*) Jy gaan seker ook, mnr. Le Roux? Dis nie uit nuuskierigheid dat ek vra nie.....

DEON: Ek weet, mej. Moerdyk. Ja, ek gaan ook. Miskien is daar van Herman Verwei se betrekkinge wat ek in kennis kan stel. (*Wil afgaan, maar draai weer na* ENGELA.) Mej. Moerdyk..... probeer of jy kan verhoed dat dit rugbaar word..... Jy verstaan, nè.... dat mevr. Du Toit en Herman saam uit was..... Die kelner..... mag miskien die verkeerde gerug versprei..... U suster..... (*Hulle kyk mekaar betekenisvol aan.*)

ENGELA: Moenie onrustig wees nie, mnr. Le Roux. Ek sal daarvoor sorg.

(*Skerm.*)

TWEEDE TONEEL (*'n uur later*).

(*As die skerm opgaan, is mnr.* DU TOIT *en* GEORGE *alleen op die verhoog.*)

GYSBERT: Ek gaan 'n bietjie in my kamer skrywe, George. Ek verwag dat hulle my enige minuut van die hospitaal mag bel. Hulle het Mevrou 'n slaapdrankie gegee en so het ek haar nie te sien gekry nie. As hulle my bel, moet jy my dadelik kom sê.

GEORGE: Ja, goed, mnr. Du Toit. Mevrou het nie seergekry nie? (*Bekommerd.*)

GYSBERT: Gelukkig nie, George. Dis eintlik 'n bestiering..... Kyk tog asseblief dat my reissakke na my kamer gebring word.

GEORGE: Goed, mnr. Du Toit.

GYSBERT: Bring sommer vir my 'n glasie whiskie kamer-toe.

(GYSBERT *regs af. Net as* GEORGE *links wil afgaan, kom* DEON *en* MARIE *regs op.*)

DEON: George, mnr. Du Toit is seker kamer-toe?

GEORGE: Ja, mnr. Le Roux.

(GEORGE *links af.* MARIE *haal haar hoed af en gaan op die rusbank sit.* DEON *bly staan, steek 'n sigaret aan.*)

DEON: Ek het nooit gedroom dat ek iemand 'n leuen sal hoor vertel en dan daarby staan sonder om 'n woord te sê nie.

MARIE: Wel, dit het tog vanaand gebeur.

DEON: Waarom het jy dit gedoen, Marie!

MARIE: Wou jy dan gehad het dat mnr. Du Toit moes glo dat sy vrou aan hom ontrou was? Ek het jou tog op pad soontoe vertel waarom hulle twee vanaand saam uit was.

DEON: Maar kon jy hom nie die waarheid vertel het nie? Sê nou hy hoor dat dit nie jy en sy was wat in die huurmotor was wat met die motor van mnr. Verwei gebots het nie? Hy het reeds van die toeval gesels: dat dit nou juis met julle moes wees dat mnr. Verwei gebots het. As hy nou die waarheid hoor, sal dit swaar gaan om hom te oortuig dat..... nou ja, dat hulle net uit was en niks meer nie.

MARIE: En ek gaan sorg dat hy nooit die waarheid hoor nie. Hoe kan hy? Dit was 'n huurmotor waarmee hulle gebots het en ek gaan vroeg môre na mevr. Du Toit om haar te waarsku.

DEON: Nietemin, ek glo daaraan om altyd die waarheid te praat en vanaand was ek nou 'n medepligtige..... (*Stap op en neer. Skielik gaan hy voor* MARIE *staan.*) Jy het tog een fout gemaak. Die koerante! Hulle sal wel teen hierdie tyd uitgesnuffel het dat hy nie alleen in die motor was nie.

MARIE: Teen die tyd dat hulle verskyn, sal mevr. Du Toit al uit die hospitaal wees en dan kan sy hom self alles vertel. Jy vergeet dat die eerste koerant eers Maandag verskyn; môre is dit Sondag.

DEON: Marie, jy het ook aan alles gedink. (*Kom skielik nader en kyk haar reg in die oë.*) Marie, ek ontdek eers vanaand..... (*Hulle hoor stemme en dan kom* HEINRICH *en* MARTHA *regs op.*)

MARIE: Ek wonder wat jy wou gesê het? (*Draai na* HEINRICH.) En watter slegte nuus het jy dan gehad, Heinrich?

(*Dis dadelik op te merk dat* HEINRICH *hom oor iets kwel. Hy het 'n pakkie onder sy arm en dié gooi hy op die tafeltjie en sak dan in 'n leunstoel neer.* MARTHA *sit in die ander leunstoel.*)

DEON (*belangstellend*): Jy kom nou van prof. Du Toit, nie waar nie?

HEINRICH: Ja. (*Lag sinies.*) En daar lê die verhaal waarmee ek die letterkundige wêreld wou verbaas het; 'n misoes..... (*Dis vir hom eintlik 'n genot om homself te gésel.*) ,Vreemde Gode'.... Prof. Du Toit dink meer dis 'n vreemde gemors as iets anders.

MARTHA: Dis nie so erg nie, Dominee. Prof. Du Toit sê Heinrich het onmiskenbare talent en hy sal eendag nog iets werklik groots lewer.

DEON (*staan op en gaan na* HEINRICH, *lê sy hand op sy skouer*): 'n Mens voel op die oomblik maar 'n bietjie teleurgesteld, Heinrich. Ek weet dat jy talent het en jy sal nog eendag werklik iets lewer wat die wêreld gaan verbaas. 'n Mens voel party dae maar so. Teleurstellings moet 'n mens ook hê.

HEINRICH: Dankie, mnr. Le Roux. (*Kyk reg voor hom en dit lyk asof hy nie eers bewus is van die ander nie.*)

MARIE (*belangstellend*): En wat sê prof. Du Toit is dan eintlik die fout met jou verhaal, Heinrich?

HEINRICH (*nes of dit hom genot gee om sy werk te verkleineer*): Te baie dood..... die gewone fout, sê hy — te baie dood in die verhaal..... (*Staan op, peuter 'n oomblik aan die draadloos, en gaan dan by die venster uitkyk.*)

DEON (*asof hy met homself praat*): Dood is nie altoos tragies nie..... Daar is meer tragiese dinge in die lewe as die dood.....

HEINRICH (*draai verbaas na* DEON): Snaaks.... dit was prof. Du Toit se woorde ook.

(FREDERIK *links op. Hy gaan weer op sy gebruiklike plek sit, en bly daar diep ingedagte voor hom uitkyk sonder om die ander juis op te merk.*)

MARIE: Nou julle daarvan praat, val dit my by dat julle seker nog nie gehoor het dat Herman Verwei vanaand verongeluk het nie.

MARTHA en HEINRICH: Wat! Onmoontlik!

MARIE: Sy motor het met 'n huurmotor gebots en hy is onmiddellik gedood.

HEINRICH (*peinsend*): So! En tog mag ons nie van die dood skrywe nie, net asof dit nooit gebeur nie..... Ek kan dit nie verstaan nie.... So skielik is hy verongeluk, maar dit klink nie waar in 'n verhaal nie.....

MARIE: Ja; mevr. Du Toit was ook in die botsing, maar sy was gelukkiger en het net met skok daarvan afgekom.

HEINRICH (*ingedagte*): Vreemd..... (*Hy luister nie na wat* MARIE *sê nie.*)

MARTHA: Dis vir my baie treurig. En mnr. Du Toit is nie eers hier nie.

DEON: Mnr. Du Toit het die tyding nog voor sy vertrek gekry. Hy is alweer terug.

HEINRICH: Ek begin nou te verstaan..... (*Hy kom skielik nader na die ander.*) Dis nie sy dood wat juis tragies is nie....

LAVINA (*regs op*): Julle is seker nou tevrede dat ek tog reg was, nè? Ek kon julle al vanmôre gesê het dat so iets sal gebeur. Maar julle sou my ook nie geglo het nie. Nee, ek is mos maar 'n oujongnooi..... (*Gaan sit.* FREDERIK *staan op en gaan links af. Die ander bly net so sit en antwoord haar nie een nie. Sy kyk 'hulle een vir een deur:*) Sê nou ek was verkeerd! Dis mos wat julle almal gedink het.

DEON: Ongelukkig kan ons dit nie sê nie, mej. Moerdyk.

LAVINA: A! Sien, daar is dinge in die lewe waar 'n mens nie mee mag speel nie; heilige dinge, soos Dominee julle ook kan sê. Straf volg maar alte gou op sonde. Ds. Le Roux sal julle dit ook kan sê.

DEON: Dit lyk asof ék die sondebok is.

LAVINA: 'n Mens verwag dat die dominee jou die voorbeeld sal gee. Maar as die predikant die dag nie eers meer kwaad in sonde sien nie.....

KELNER (*links op*): Mnr. Le Roux, mnr. Durant wil u graag spreek.

DEON (*verbaas*): Wie! Mnr. Durant!

KELNER: Ja, mnr. Le Roux. Hy is nou in sy kamer; nommer 32. (*Links af.*)

MARIE: Mnr. Durant! Dis eienaardig. Hy praat met geen mens nie. Miskien sal ons nou weet wie hy is en waarom hy hom so eenkant hou.

MARTHA: Mnr. Le Roux, u moet vir ons kom sê as u uitvind wie hy is. (DEON *lag net en gaan links af. Daar heers nou opgewondenheid.*)

HEINRICH: Ek het opgemerk dat hy vanaand nie gedrink het nie. Hy was glad nie soos ander dae nie.

LAVINA: Hy het seker 'n skuldige gewete. Ek dink hier is vanaand meer mense met skuldige gewetes. (*Sy wil voorgee asof daar dinge is wat die ander nie weet nie.*) Martha, ek het vir Engela ook gesê dat julle vanaand moet inpak, want ek bly nie langer hier nie. Ek het nou heeltemal genoeg van hierdie plek.

HEINRICH: Maar tant Lavina gaan tog nie nou al weg nie!

LAVINA: Nee, maar Maandag soek ek vir my 'n ander plek.

MARIE: Te baie sonde hier? (*Staan op en begin rondblaai in 'n tydskrif.*)

LAVINA: Ek dink ek het reeds al te lank hier gebly. (*Kyk betekenisvol na* HEINRICH *en* MARTHA.) Ja, te lank..... As hier miskien net verkeerde dinge aangegaan het, sou ek nou nie iets gesê het nie, maar nou wil hulle dit met leuens agterna toesmeer. (*Bitsig.*) Ja, toesmeer, sê ek. Julle dink ek weet nie wat julle die arme mnr. Du Toit wysgemaak het nie! Ek het gesien dat Herman Verwei en daardie vrou vanaand saam uitgegaan het. (MARIE *kyk haastig op*).... Ja, skrik nou! As *jy* dan ook in die ongeluk gewees het, soos jy wil voorgee, waarom was jy dan heel-aand in jou kamer.

MARIE: Ek begin dink dat jy met opset daarop uit is om kwaad te stook, mej. Moerdyk. (*Heftig.*) Jy weet nie alles nie. Dink jy ek sal 'n leuen vertel net omdat ek daar plesier in vind? Hulle twee was nie saam uit nie! Jy moet dit glo, mej. Moerdyk. Net vir een keer vra ek jou om nie te oordeel maar..... Wat help dit ook..... Jy is die enigste een wat dit nie sal glo nie en dis juis terwille van jou, mej. Moerdyk, dat ek die leuen vertel het, sodat jy nie moet praat nie.

LAVINA: Daarom gaan ek liewers weg. Ek wil nie hê iemand moet terwille van *my* dit op sy gewete neem om 'n leuen te vertel nie. O, asseblief tog nie!

MARIE: Gewete! As baie van ons liewers nie 'n gewete gehad het nie, sou dit baie beter gewees het.

LAVINA: Nita du Toit was by mnr. Verwei in die motor toe die ongeluk gebeur het, en niemand sal my iets anders wysmaak nie, want ek het hulle saam sien uitgaan. Dis Nita du Toit wat by hom in die motor was.

GYSBERT (*hy het ongemerk onder* LAVINA *se woorde binnegekom en by die deur bly staan — wanhopig*): Dis nie waar nie! Nita was by Marie in die motor toe die ongeluk gebeur het..... Dit is so..... nie waar nie, Marie.....? (*Niemand antwoord nie.* MARIE *kyk voor haar;* HEINRICH *staan op en stap tot agter* MARTHA *se stoel.*) Waarom bly julle stil! Nie..... dit nie..... Nita sal nooit ontrou wees nie..... (*Sak in een van die leunstoele neer.*) Julle verstaan nie. Nita het my lief.... (*stryd.*) Maar Herman! Hy was altyd 'n skurk. Mag dit my vergewe word as ek oordeel, want hy moet nou verantwoording doen vir sy dade.....

MARIE (*stap tot by sy stoel*): Omdat ek alles weet en geweet het dat u verkeerd mag oordeel, het ek vanaand die leuen vertel, en nou sien ek dit sou baie beter gewees het as u toe al die waarheid geweet het. Maar daar het niks gebeur nie.... Ek sal u alles vertel. Vanmiddag het mnr. Verwei met my gepraat.....

DEON (*links op; kyk van die een na die ander*): Dan het gebeur wat ek voor gevrees het. (*Draai hom na mej.* MOERDYK:) Dan het jy uiteindelik tog jou sin gekry? Nou voel jy seker gelukkig..... (*Sag asof hy nie wil oordeel nie*:) Mej. Moerdyk, kon

jy nie sien nie dat mej. Vercuiel 'n leuen vertel het, nie omdat sy dit eens is met verkeerde dinge nie, maar omdat sy liefde het vir haar medemens? Ons sien net altyd wat buite plaasvind, maar ken nie die hart nie. Ja, ja, ek weet ek is 'n predikant en julle sal dink ek preek, maar dis nie preek nie. Ek wens julle kon almal saam met my vanaand by ou mnr. Durant gewees het..... (*Hy bly 'n oomblik stil en almal spits die ore om te hoor wat hy te vertel het.*)

MARIE: Mnr. Durant.....?

DEON: Ja. Toevallig is sy naam nie Durant nie. Hy is Selman Frederiks.

HEINRICH (*verbaas*): Wat, Selman Frederiks, die skilder!

DEON: Ja, Frederiks die skilder, die groot kunstenaar. Ek het vanaand eers gesien hoe klein en eng ons lewens is.

MARIE: Vertel ons, Deon. (*Nie een merk dat sy hom* DEON *noem nie.* LAVINA, *hoewel sy haar vererg het, kan nie help om ook te luister nie.*)

DEON: Ek hoop ek sal nooit weer iemand so in wanhoop sien nie. Om die dood so te sit en afwag, moet vreeslik wees.

MARIE (*verbaas*): Die dood? (*Kyk na* HEINRICH.)

DEON: Ja. 'n Spesialiteit het gesê hy kan nog net ses maande lewe as hy nie sy werk wil opgee nie. En soos hy vir my sê, kon hy dit ook nie doen nie; en so was daar vir hom niks anders om te doen nie as om die dood so te sit en afwag. Hy moes werk. „Dis nie nodig om te lewe nie: daar is werk wat vir my wag!" so het hy vir my gesê — nee, nie gesê nie, maar in wanhoop uitgeroep. En nes ons almal wou hy tog so graag die lewe behou. Hy het gevoel dat die siekte meer en meer die oorhand kry, en die heeldag voor die doek met die verfkwas het die siekte nog net verhaas.

MARIE: Wanneer het die spesialiteit dit vir hom gesê?

DEON: Ses maande gelede.

MARIE: Ses maande! Dan is die tyd mos nou verstreke.

DEON: Ja. Dis wat hy ook aaneen gesê het. „Môre .....môre kan miskien my laaste dag wees!" het hy gesê.

HEINRICH (*mompel by homself*): Daar is meer tragiese dinge as die dood.....

MARIE: Was hy nie weer by 'n spesialiteit nie?

DEON: Ek het hom dieselfde vraag gevra, maar hy sê my dat hy te bang was om weer te gaan raadpleeg.... Uit blote nuuskierigheid het ek hom ook 'n vraag gevra. Ek wou weet of hy ook van die ongeluk iets af weet daar hy tog vanaand hier was toe ons daarvan gesels het. Hy het my 'n eienaardige antwoord gegee.

MARIE: Ja, en daardie antwoord?

DEON: „As 'n mens nie meer lank het om te lewe nie, dan het jy nie tyd vir sulke dinge nie — veral as daar nog so baie is om te doen en die tyd so kort is...."

GYSBERT (*staan skielik op*): En die siekte, mnr. Le Roux?

DEON: Tuberkulose.

GYSBERT: Dan gaan ek dr. Bronn bel. Hy moet hom dadelik kom sien. Mnr. Durant kom my nie voor as een vir wie daar nie meer hoop is nie. (*Regs af. 'n Oomblik stilte.*)

HEINRICH (*na 'n rukkie*): Eienaardig dat dit juis mnr. Du Toit moet wees wat die eerste daaraan dink om hom te gaan help....

(LAVINA *skuif ongemaklik rond*).

DEON: Dié van ons wat die meeste moeilikhede al gehad het, is gewoonlik die eerste by om te help.

(LAVINA *staan op en staan eers besluiteloos rond en gaan dan regs af.* DEON *gaan sit en* MARIE *slaan die draadloostoestel aan, maar sluit dit amper onmiddellik weer af.*)

MARIE: Ek wonder hoe dit met mevrou Du Toit gaan....? (DEON *steek 'n sigaret aan.* HEINRICH *tel sy pakkie op.*)

DEON: En dis nou juis mnr. Du Toit wat die eerste aan dr. Bronn moes dink..... Dit is soos jy sê, Heinrich; hy moes die eerste daaraan dink.....

HEINRICH (*skielik opgewonde*): Nou weet ek! Nou verstaan ek wat prof. Du Toit bedoel het toe hy gesê het dat die dood nie juis tragies is nie. Ek hét dit uiteindelik....! Martha, ek gaan vanaand nog aan die nuwe roman begin. Net een dag! Ja, nou weet ek. (*Stap na* MARTHA.) Martha, ou kind, kom ons stap. Ek wil jou vertel. (*Gryp haar aan die arm en stap haastig regs.*) En moenie vir my sê jou tant Lavina sal jou nie laat gaan nie. (HEINRICH *en* MARTHA *regs af.*)

DEON (*staan onrustig rond*): Wonderlik, nè! Heinrich het so oor die dood geskrywe en hy het Herman nou al vergeet....! En hy is reg. Ons moet saamlewe met dié wat oorbly.

(*Skerm.*)

DERDE BEDRYF.

Sondagmôre.

(*As die skerm opgaan sit* MARTHA *op 'n stoelkussing op die grond voor* ENGELA MOERDYK.)

MARTHA: Net 'n dag, en in die een dag het ek ook geleer wat liefde is.... (*Dromerig.*) Weet Tante dat Heinrich so goed en hardwerkend is.

ENGELA: Ek weet dit nie, kind; maar as jy so sê, dan sal dit wel so wees.

MARTHA: Gisteraand het hy alweer met sy nuwe roman begin. Hy sê hy weet nou hoe om die verhaal te skrywe. Ek gaan hom nou help. (*Vol vertroue.*) Hy sê hy het net die liefde van so iemand soos ek nodig gehad om hom aan te spoor, en nou gaan ek hom help so ver as ek kan. Ek sal nie veel kan doen nie, maar miskien.....

ENGELA: Dit lyk vir my jy is gelukkig, kind.

MARTHA: Ek is Tante, ek is. Weet Tante, ek het altyd gedag dat mans glad anders is as wat ek nou sien dat hulle is. Tant Lavina het my altyd laat verstaan dat 'n mens hulle nie kan vertrou nie, nie eers alleen met hulle kan uitgaan nie. Maar Heinrich is so goed.

ENGELA: En tog, Martha, jou tante is nie altyd verkeerd nie. 'n Mens moet jou oë oophou en nie met die verkeerde klas mans omgaan nie. Sorg dat jy skoon teenoor die lewe staan en die mans sal jou met respek behandel.

MARTHA: Ons was al vanmôre saam uit; eers saam gaan swem en toe gaan stap, en hy het my die hele pad loop en vertel van sy werk. (*Kry skielik gedagte van iets.*) Tante, snaaks dat dit net een dag is wat verby is van ek gister gaan swem het. Mnr. Verwei het ook nog geswem en ek het Tante hulle gister nog daarvan vertel, en dit voel vir my soos maande wat verby is.

ENGELA: Net een dag! Ja, dit voel vir my ook baie langer; maar dan, daar het ook so baie dinge gebeur.

MARTHA: Weet Tante dat tant Lavina gisteraand vir my gesê het dat ons nie 'n dag langer hier sal bly nie? Vanmôre was sy al vroeg op en toe dag ek sy sal weer daarvan praat, maar ook nie eens een woord nie. Ek dink sy is nie meer van plan om te gaan nie.

ENGELA: Sy sal nie gaan nie. Ek ken haar baie goed. Jy hoef glad nie daarvoor bang te wees nie, kind.

MARTHA: Maar sy was weer vreeslik uit haar humeur, Tante.

ENGELA: Sy is altyd so as sy sien dat sy verkeerd is. Sulke tye moet 'n mens haar net verstaan. Daar is iets wat haar vanmôre hinder, want ek het ook opgemerk dat sy in 'n vreeslike bui is. Laat staan haar maar net so en sy sal wel weer self regkom. As jy my vra, dan dink ek dat sy nog vir mevr. Du Toit om verskoning gaan vra. Dis altyd so as sy sien sy is verkeerd.

MARTHA (*lag*): Die arme bediendes moes dit vanmôre weer ontgeld. Hulle is vir haar so bang.

ENGELA: Tant Lavina is nie daaraan gewoond om teëgegaan te word nie en nou kry sy swaarder as ander mense. Van kleins-af het sy altyd haar sin in alles gekry. Sy is glad anders as ons, en

kan nie verstaan dat mans en meisies nou so vryelik kan omgaan nie. Ek is dit ook nog nie heeltemal gewoond nie, en daarom moet ons maar verdraagsaam met haar wees. Maar ek ken haar ook, en omdat ek haar beter ken as die ander hier, weet ek dat sy vanmôre besef dat die mense hier nie juis sleg is net omdat hulle modern is nie. As jy my vra, dan soek sy vanmôre 'n kans om vriendeliker teenoor mevr. Du Toit te wees.

MARTHA: Ek sal probeer om verdraagsamer met haar te wees. Weet Tante, nou dat ek vir Heinrich liefhet, sal dit baie makliker gaan. Ek.... het haar nou al liewer.

HEINRICH (*regs op*): Waar is daardie nooi van my? A, môre, tant Engela. (*Trek* MARTHA *aan die hande op*).

ENGELA (*groet*): Jy vorder mos ver in een dag se tyd, Heinrich!

HEINRICH: Ja, dis nou van my. Ek het nie meer as 'n dag nodig om 'n nooi uit te loop nie.

ENGELA: En wat sal tant Lavina daarvan sê? Jy weet sy is nogal een wat haar stem graag laat hoor.

HEINRICH: O, tant Lavina? Nee, ek weet hoe om met haar te werk. Gee my nog net vandag en ek sal vir Tante wys. (*Hulle hoor* LAVINA *se stem in die gang en sit doodstil en luister.*)

LAVINA (*in die gang*): Moet 'n mens dan die hele môre op die straat sit omdat hulle nie met die kamers kan klaar kry nie! Tienuur! Weet julle dat dit al tienuur is!

HEINRICH: Martha, kom ons maak spore. Jou tant Lavina is vanmôre nie in 'n goeie luim nie. Kom! (*Vat haar hand.*)

ENGELA (*lag*): Ek dag dan jy het net 'n dag vir haar nodig.

HEINRICH: Maar ek het nie gesê watter dag nie. Kom, Martha, sommer hier uit. (MARTHA *en* HEINRICH *links af.* ENGELA *neem 'n boek en begin lees.* LAVINA *na 'n rukkie regs op.*)

ENGELA: Môre, Lavina.

LAVINA: Môre! Wat se „môre" is dit! Ek hét jou mos al môre gesê. (*Sit op 'n leunstoel.*)

ENGELA: Jy was voor my aan die ontbyttafel, en so het ek jou nog nie gesien nie.

LAVINA: En wat daarvan as ek was!

ENGELA: Nee, ek sê dit maar net sodat jy kan sien ons het mekaar nog nie môre gesê nie. Ek wonder maar net watter goeie besluit jy geneem het dat jy vanmôre weer so vroeg opgestaan het, en so uit jou humeur is.

LAVINA: Dit lyk vir my, Engela, jy meen dat jy elke môre voor my op is.

ENGELA: Nee, maar ek weet dat as jy die môre so besonder vroeg opstaan, dan het jy goeie voornemens, en nou wonder ek net wat hulle is.

LAVINA: Goeie voornemens! Goeie voornemens! Gn! Dis seker jy wat goeie voornemens het. Sê liewers vir my waar Martha is. Maar jy hoef nie vir my eers te sê nie, want ek kan sommer raai dat sy weer uit is met daardie penlekker.

ENGELA: As jy meen Heinrich Opperman, dan is jy reg. Hulle twee is nou-nou hier uit.

LAVINA: Hy sal vir Martha nie kry nie — nie so lank as wat ek lewe nie.

ENGELA: Dan is ek bly. Hoor ek is bly!

LAVINA (*verbaas*): Bly! Engela, jy moet vir my sê as jy dink ek is jou gek.

ENGELA: Nee, ek ken jou al so goed, Lavina, dat as jy sê Heinrich sal haar nie kry nie, dan weet ek jy hou al klaar van hom.

LAVINA: Laat die mannetjie net waag om met my te kom praat; laat hy dit net waag!

ENGELA: Dis juis sy plan, Lavina.

LAVINA: Wat! Wat!! (*Staan op en stap regs.*) Sê jy vir hom..... want dit lyk mos vir my of julle twee so yslik is..... dat hy dit net moet waag om met my te kom praat. Laat hy dit net waag!

ENGELA: Waar gaan jy nou, Lavina?

LAVINA: Inpak, dis wat ek gaan doen.

(LAVINA *regs af.* ENGELA *lag lekker en begin dan te lees. Byna onmiddellik kyk* HEINRICH *en* MARTHA *weer by die deur links in.*)

HEINRICH: Soe! Lyk dit so as sy in 'n slegte bui is?

ENGELA: Ja, maar nog nie heeltemal nie. Wag eers tot sy jóu in die hande kry.

HEINRICH: Nie vandag nie, nee, nie vandag nie. Ek het eintlik sulke koue rillings gekry toe sy hier so gesels, en ek was bly dat daar 'n deur tussen haar en my was. Kom, tant Engela, kom saam met Martha en my, dan gaan ons 'n koppie tee drink.

ENGELA: Is jy seker dis nie Lavina wat jy wil hê nie? (*Staan op.*) Jy weet as haar humeur so sleg is, dan het sy al klaar besluit dat jy vir Martha kan kry.

HEINRICH (*stap regs*): Nie daar uit nie, Tante! Soek Tante dan 'n mens se dood! Hier langs!

(ENGELA *lag en hulle gaan links af. 'n Mens hoor nog hul stemme links as* NITA *regs opkom en eers inloer.*)

NITA: Nee, Gysbert, hier is niemand nie.

GYSBERT (*regs op*): Ek is seker ek het mense hier hoor praat. (*Hy bly by die venster staan en sy kom naas hom staan. Saam kyk hulle by die venster uit.*)

NITA: Wat 'n lieflike dag.

GYSBERT: Pragtig! (*'n Oomblik stilte.*) Gister was net so 'n mooi dag. Gister..... Nita, ek is so bly dat jy weer aan my teruggegee is. (*Soen haar.*) Wonderlik hoe die lewe is. In een dag is die lewe van een weggeneem en 'n ander een word dit weer teruggegee.

NITA: Jy dink aan mnr. Durant?

GYSBERT: Ja. Dr. Bronn sê my vanmôre dat hy seker is dat mnr. Durant in 'n paar maande van sy kwaal genees sal wees. Net 'n rukkie in die Noorde, en hy sal weer gesond wees. En Herman... (*Draai weg en gaan op die leunstoel sit.*)

NITA (*bly so 'n oomblik by die venster en kom dan na hom*): Ek wil jou nog vertel waarom ons gister saam uit was..... Herman en ek.

GYSBERT: (*Staan haastig op.*) Nee, Nita, ek het jou alreeds 'n groot onreg aangedoen om jou gister te verdink. Ek sal daar my lewe lank oor spyt wees, want dit is nie wat regte liefde doen nie.

NITA (*of sy swaar kry om van* HERMAN *te praat*): Hy is nie so sleg as wat die mense dink nie. Ek dink ek is die enigste wat hom werklik verstaan het.... en daarom wou ek hom ook help..... maar dit het so moeilik gegaan, want hy het my ongelukkig ..... lief..... liefgehad.....

GYSBERT: Ek verstaan, Nita. En toe mej. Vercuiel jou so verdedig, het ek geweet dat ek jou kan vertrou. Ek het net op dié oomblik aan ons jare saam gedink en toe het ek ..... gelukkig is dit nou verby.

NITA: En wat nou van jou besigheid in Johannesburg?

GYSBERT: Ek kan nou die vraag beantwoord wat ek my gister self afgevra het. Nee, daar is so baie en beter dinge in die lewe as geldmaak dat ek vanmôre bly is dat ek nie weggegaan het nie. Dis of ek skielik nuwe waardes vir die lewe gekry het.....

(SANNIE *en* LETTIE *links op.*)

SANNIE (*verskonend*): Sy wou hiernatoe gekom het, mnr. Du Toit. Ek het vir haar gesê dat sy nie kan kom nie. Kom, Lettie, kom ons gaan stap.

(LETTIE *hardloop na haar pa toe en klouter op sy skoot.* SANNIE *probeer om haar weg te kry.*)

GYSBERT: Nee, laat haar so 'n oomblikkie hier by ons bly, Sannie.

LETTIE: Pappie, waarom gesels die vreemde omie dan vanmôre met my? Die omie praat ander dae nie eers met 'n mens nie.

GYSBERT: Watter omie, Lettie?

SANNIE: Sy meen mnr. Durant, mnr. Du Toit.

GYSBERT: O, daardie omie!

LETTIE: Ja, en weet Pappie, hy sê ek moet 'n soet kind wees en dan sal hy vir my speelgoed stuur. Dink Pappie die omie sal dit doen?

GYSBERT: Ja, ek reken so, Lettie.

LETTIE: Ek wil nie 'n pop hê nie; ek het vir die omie gesê ek wil nie 'n pop hê nie.

GYSBERT: Nee, Lettie, 'n mens soek nie uit as jy iets present kry nie.

LAVINA (*regs op*): Is u alleen, mnr. Du Toit?

(NITA *beduie vir* LETTIE *dat sy en* SANNIE *nou moet gaan. Sy lei* LETTIE *aan die hand tot by die deur.*)

GYSBERT: Ja, mej. Moerdyk; Lettie en Sannie gaan nou.

LAVINA (*aan* NITA *wat regs wil afgaan*): Mevr. Du Toit, ek wou jou ook net so vir 'n oomblikkie spreek. (NITA *kom weer langsaam terug;* LAVINA *staan rond en weet nie hoe om te begin nie.*)

GYSBERT: Ons het 'n lekker vakansiedag gekry, nè, mej. Moerdyk?

LAVINA: Ja, die dae is waarlik nou lekker..... H'm.... Mevr. Du Toit voel u nou weer heeltemal beter?

NITA: Ja, dankie, mej. Moerdyk.

LAVINA: H'm.... Die bediendes in 'n hotel kry ook nooit klaar met 'n mens se kamer nie.... H'm.... Dis darem lekkerder by 'n mens se huis.....

NITA: Dis waar, Juffrou..... Wanneer gaan u weer terug?

LAVINA: O, ek gaan nog 'n hele rukkie hier bly. Dis lekker om weer 'n slag niks met die kos te doen te hê nie. Ek sê altyd vir Engela sy moet maar dinge hier neem soos sy dit kry, want 'n mens sal dit nooit soos by jou eie huis kry nie.... H'm!

GYSBERT: Dis waar, ja.

LAVINA: Ons sit nou so lekker hier en gesels maar ek het eintlik gekom om julle te sê dat ek..... hm!..... bly is dat dit nie 'n..... ernstige ongeluk was nie..... Ek is bly, mevr. Du Toit, dat jy nie seergekry het nie..... Engela wou nie eers hê ek moet met julle kom praat nie, maar ek sê dis tog maar net uit belangstelling.

GYSBERT: Ons waardeer dit baie, mej. Moerdyk.

LAVINA: Ja, dis net wat ek vir haar gesê het..... (*Staan op.*) Nou ja, dis al wat ek eintlik wou

gesê het..... h'm!..... (*by die deur*:) Ja nee, ek is nie van plan om so gou te gaan nie. Engela dwing net om nou al te gaan, maar ek is nog glad nie haastig nie. (*Sien mnr. Durant deur die venster.*) Kyk, mnr. Durant lyk glad anders vanmôre. Môre, mnr. Durant. (*Lag.*) Hy groet 'n mens mos darem al. 'n Lekker dag, mnr. Durant. (*Draai na* GYSBERT:) Hy vra of mnr. Du Toit nie hier binne is nie. Ja, mnr. Durant, hy is hier. (*Gee van die deur af pad en* DEON *en* MARIE *kom in.*— GYSBERT *en* NITA *staan op en stap regs.*) Goeiemôre, mnr. Le Roux; goeiemôre, mej. Vercuiel.

DEON en MARIE: Goeiemôre, juffrou Moerdyk. (NITA *en* GYSBERT *regs af.*)

LAVINA: Ek soek nou net vir Martha en Heinrich. Die twee darem! Heinrich is so verlief op Martha dat dit eintlik 'n aardigheid is. Engela het nog eers probeer keer, maar ek het gesê sy moet hulle maar laat staan, want aan twee verliefdes is daar gewoonlik niks te doen nie. Nou ja, wag, ek moet nou eers gaan. Tot siens. (*Regs af.*)

MARIE (*sit op die rusbank*): Nou wil ek dit nie beter hê nie! Mej. Lavina is vanmôre glad 'n ander mens! Jy kan vir so iemand nie kwaad bly nie.

DEON (*ingedagte*): Is dit nie miskien ons wat verander het nie?.... Miskien is ons vandag meer verdraagsaam. Ek het haar gister nog glad nie verstaan nie. Nou weet ek dat sy ook na liefde en geluk in die lewe soek nes.... nes ons almal. Dis vir my of die ongeluk en die wolk wat oor mnr. Durant gehang het die beste in elkeen van ons na vore gebring het. (*Stap eers opsy, maar kom byna onmiddellik terug na* MARIE.) Ek het jou in die dag eers leer ken, werklik ken.

MARIE (*spottend*): En dink jy ek is 'n goeie mens?

DEON: Jy is bo-op langs maar so 'n ligsinnige mens. Marie..... (*Draai weg van haar.*) Wat help dit ook. Ek sal een van die dae terug na my werkkring moet gaan..... En nou sal die huis daar vir my alleen voel..... stiller as wat dit voorheen was, want toe het ek jou nog nie geken nie.....

MARIE (*sit haar hand onder haar kin*): Wanneer het iemand my laas so geprys! Praat maar verder, Deon, dis goed om daarna te luister. (*Spottend:*) Ek het my oë toegemaak en nou kan jy maar praat.

(DEON *merk nie dat sy hom op sy naam noem nie. Dit val hom swaar om verder te praat. Wil eers gaan sit, maar stap dan weer opsy.*)

MARIE (*maak haar oë oop*): Ek dag jy gaan verder praat!

DEON: Marie, jy maak dit ook onnodig swaar vir 'n mens om te praat. Marie..... ek.....

MARIE: Wag, Deon, laat ek eers weer my oë toemaak. So ja.

DEON: Ek is nou baie ernstig, Marie. Die pastorie....

MARIE: Dit het jy al gesê.

DEON (*kom haastig nader*): Marie..... (*Hy luister. Iemand loop regs.*)

(MNR. DURANT *regs op.*)

MARIE: Ja, Deon?

FREDERIK: Stoor ek julle miskien, mnr. Le Roux?

DEON: Glad nie, mnr. Durant. Kom sit.

FREDERIK: Nee, dankie, mnr. Le Roux. Ek het net kom groet, want ek vertrek netnou na Bloemfontein. Julle sal seker nie kan verstaan nie as ek sê dat

ek vandag voel of ek vir die eerste maal die son sien skyn..... Dis vir my of ek aan almal kan sê hoe goed dit is om te lewe. Jy sal verstaan, nè, mnr. Le Roux? 'n Mens vergeet soms so gou hoe goed dit is om te lewe....

DEON: Ek dink ek kan vanmôre verstaan, mnr. Durant.

FREDERIK: Nou wil ek u net bedank dat u my oortuig het gisteraand dat ons lewe nie selfsugtig kan wees nie. Ons lewe nie alleen nie, het u gesê. Ek het dit nie eers in daardie lig gesien nie, maar nou dat die lewe so te sê aan my teruggegee is, sal ek dit nie weer net vir my alleen kan gebruik nie. Maar ek verveel u seker. (*Lag.*) Ja, ja, u hoef dit glad nie te ontken nie. Julle staan nog midde in die lewe en sal dit nie kan verstaan nie. Dis ook maar goed dat dit so is, anders sou daar niemand wees om ons met hul lag te verbly nie.

DEON: Miskien sien ons mekaar weer eendag, mnr. Durant. Ja, ek het al so gewoond geraak om aan u as mnr. Durant te dink dat ek vir die oomblik vergeet dat u mnr. Frederiks is.

FREDERIK: Nou ja, hou maar verder lekker vakansie, mnr. Le Roux; en jy ook mej. Vercuiel. Die lewe kan vir 'n mens partykeer net in een dag belangrik word. Miskien ondervind julle dit ook nog eendag. Niks meer is nodig as net een dag nie.

DEON: Ek dink ons het dit alreeds uitgevind, mnr. Frederiks.

FREDERIK: Nog 'n keer: Tot wedersiens. (*Groet die twee en gaan dan regs af.*)

MARIE (*gaan weer op die rusbank sit*): Ek sal weer my oë toemaak en dan kan jy maar weer praat, Deon. Praat nou maar; ek luister.

DEON: Marie, jy kan nou maar lag as jy wil, maar ek gaan dit nou sê..... Marie..... ek..... ek weet dit nou al..... Marie, waarom sê jy nie eers een woord nie, ook nie eers van aanmoediging nie?

MARIE: Hoe kan ek? Ek voel behoorlik duiselig.... (*Staan op.*) Deon, as..... (GEORGE *links op. As hy sien dat hulle hom nie dadelik opmerk nie, hoes hy om hul aandag te trek.*)

DEON: George!

MARIE: George? Wag, jy verstaan nie, Deon. George en ek is ou vriende. Hy het seker goeie nuus vir my. Ja, George, wat is dit?

KELNER: Ek het gedink mej. Vercuiel sal seker bly wees om te hoor dat dit 'n seun is, soos ek ook gehoop het. 'n Fris, sterk seun, mej. Vercuiel.

MARIE: Geluk, George, baie geluk. En nou gaan jy seker sy naam George gee?

KELNER: Nee, mej. Vercuiel, na ek gisteraand met Bill gepraat het, het ek gereken sy naam moet liewers Plato wees, soos Juffrou ook gesê het. (*Onseker.*) Plato is 'n mooi naam. (*Sug.*) Ek sal nou maar moet wag vir die volgende een as ek hom na my wil vernoem. Dis al, mej. Vercuiel. (*Wil afgaan.*)

MARIE: George, ons het gister oor drink en nog baie meer dinge gesels. Jy moet môre vir jou drank op my rekening saamneem en Plato se gesondheid gaan drink, jy en Bill; maar moenie vir my vergeet nie.

KELNER: Ek sal nie vergeet nie, mej. Vercuiel. (*Angstig.*) Dan is alles nou reg?

MARIE: Ek hoop oor 'n paar minute, George. Gaan nou maar net, en gou ook, George.

KELNER (*bly*): Ja, mej. Vercuiel; ek is al weg. (*Links af.*)

DEON: As hier nou weer iemand inkom, dan.....

MARIE (*lag*): Waar het ons nou weer opgehou? Moet ek eers weer gaan sit, of kan ek maar staan?

DEON: Marie, wat ek nou al die hele môre probeer sê, is dat ek jou liefhet. (*Hy kom 'n paar tree nader.*)

MARIE: En wat ek nou al die hele môre wonder, is of 'n dominee nie die nooi gaan soen as sy hom die ja-woord gee nie.

DEON (*kom bly nader*): Marie! (*Voor hy haar kan soen, hoor hulle* LAVINA *in die gang praat.*)

LAVINA (*nog in die gang*): Heinrich! Heinrich! Heinie! Heinie! Koehoe!! (*Sy kom binne.*) Heinie! Is Heinie nie hier nie. O, ek is jammer mnr. Le Roux. Ek soek net vir Heinie. (*Stap weer regs.*) Heinie! Heinie!! Koehoe!!

(DEON *en* MARIE *soen.*)

(*Skerm.*)